# RUILWAARDE.

## *Ruilnommers.*

Die uitgawe van „Wapenskou" van September is grotendeels 'n Kongresnommer. Dit beskryf die belangrikste verrigtinge van die elfde A.N.S.-Kongres wat in Johannesburg vanaf 3 tot 6 Julie 1944 plaasgevind het. Die sentrale tema was die arbeidsvraagstuk gesien van die standpunt van die Afrikaner. Daar is eers die presidensiële rede van Dr. J. F. J. van Rensburg. Van besondere waarde is die toespraak van Dr. S. P. van der Walt oor „Die Vakuniestelsel in Suid-Afrika," en die historiese oorsig oor „Arbeidswetgewing in Suid-Afrika" deur B. J. Schoeman. Iets besonder is die verslag van „Werkerstoesprake op die A.N.S.-Kongres" wat 'n baie groot deel van die uitgawe beslaan—die mynwerker, treinbestuurder, staalwerker, spoorwegwerker, bouwerker, klerewerker(ster). Mooi is verder die

toespraak van W. R. Laubscher oor „Die organisering van die Volk se arbeid" en ten slotte G. S. Frick se „Verhouding tussen die Intelligentsia en die arbeider." Die hele verslag is pragtig geïllustreer. Dit is 'n uitgawe wat van historiese betekenis gaan word. 'n Mooi uitgawe met 'n verskeidenheid van artikels is die September-uitgawe van „Historiese Studies." Dit bevat o.a. die volgende studies: H. V. Lombaard „Die Herinneringe van Komdt. J. Carel Winterbach" en J. C. Otto „Sekoekoenie en die Handel in Vuurwapens." Heeltemal gereëld ontvang ons nou „Kort en Goed," maandblad met „die beste artikels uit die beste tydskrifte vir almal wat iets meer wil weet." In ons tyd van gejaagdheid het so 'n tydskrif 'n besonderlike plek—'n rustige, vrye moment kan daaraan bestee word. Die tydskrif het almal se steun nodig. U kan daarop inteken by „Die Afrikaanse Pers," Pleinstraat 3, Johannesburg teen 15s. per jaargang.

* * *

## *Kerk en Godsdiens.*

Van besondere waarde is die reeks „inleiers" in „Die Kerkblad" (Aug. en Sept.) deur Prof. J. D. du Toit oor verskillende vraakstukke in verband met die kerk: „eenheidstrewinge," „eenheid en veelheid" en „kerk en vereniging." Die skeuring veroorsaak deur die gebroeders Di. de Vos in die kringe van die N.G. Kerk vind sy weerklank in die kerklike uitgawes, nl. „Die Kerkbode" (Aug. en Sept.) en „Die Voorligter" (Aug.). In „Die Kerkbode" van 23 Aug. word die verblydende berig gegee van die verskyning van die „Afrikaanse Psalm- en Gesangboek". Die redaksie van „Die Kerkbode" (20 Sept.) spreek hom sterk uit ten gunste van die „kategismusprediking." Twee mooi studies van Ds. P. A. Verhoef in „Die Kerkbode" is die moeite werd om te lees: „Die Hel" (9 Aug.) en „Die Hemel" (20 Sept.). Ds. Johs. Dreyer behandel in „Die Hervormer" (Aug.) die vraag van „Antisemitisme of evangelisasie." Die September-uitgawe van „Hervormde Teologie Studies" bring etlike uitgebreide studies, w.o. veral E. S. Mulder „Koningskap in Israel," P. F. D. Weiss „Geografiese naamgewing en godsdienstige agtergrond," S. P. Engelbrecht „Die Heidelbergse Kategismus as kerklike simbool," W. van Bergen „Kerk en Sending" en H. Muller: „Pennestryd tussen Christene en heidene gedurende die eerste 5 eeue na Christus."

* * *

## *Skool en Opvoeding.*

Interessant is in „Die Kerkbode" (9 en 23 Aug. en 13 Sept.) die artikels van Ds. J. C. du Plessis oor „Kerk en Onderwys in O.V.S." In „Die Christelike Vrou" (Aug., Sept.) sit C. K. Oberholzer sy artikelreeks oor „Ons en ons kinders" voort. „Die Kerkbode" van 6 Sept. gee ons noukeurige besonderhede in verband met die besluit van die Sinode van die Transvaalse N.G. Kerk oor die C.N.O. Van besondere belang is die verslag oor die Onderwyskonferensie te Potchefstroom op 26 Augustus in „Inspan" (Sept.) Prof. J. G. Meiring gee in „Die Unie" (Sept.) 'n baie waardevolle oorsig van „die reorganisasie van die sekundêre onderwys in Engeland," terwyl die Augustus-uitgawe van „Die Unie" 'n kongresnommer is oor die tema „die opvoeding van die gemoed." Besonder mooi is verder 'n studie van Prof. B. Gemser oor „Martin Luther oor hoe noodsaaklik dit is om Latyn, Grieks en Hebreeus te ken" in „Hervormde Teol. Studies" (Sept.). In „Onderwysblad" (Sept.) verskyn die eerste stuk van 'n artikel oor „Die waarde en betekenis van lewensbeskouing" deur Dr. J. P. Smuts.

J. CHR. COETZEE.